education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## BESIGHEIDSTUDIES

## MODELVRAESTEL

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

**137 0 A**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies noukeurig voordat vrae beantwoord word:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings: AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit drie onafhanklike vrae wat alle leeruitkomste dek. AL DRIE die vrae moet beantwoord word.
   AFDELING C: Bestaan uit vier vrae wat alle leeruitkomste dek. Beantwoord enige TWEE vrae van hierdie afdeling.

2. Neem die gegewe tydstoekenning vir elke vraag in ag wanneer vrae beantwoord word.

3. Lees die gegewe instruksies vir elke vraag noukeurig en doen slegs wat verlang word.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Behalwe waar ander instruksies gegee is, moet antwoorde in volsinne gegee word.

6. Die puntetoekenning van elke vraag sal die lengte van jou antwoord bepaal.

7. Gebruik die onderstaande tabel as riglyne vir punte- en tydstoekenning vir elke vraag.

8. LET WEL: Begin die antwoord vir elke vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 - NUWE bladsy, VRAAG 2 - NUWE bladsy.

| VRAAG | AFDELING | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| **1** | **A:** MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE<br>WAAR OF ONWAAR<br>PASITEMS<br>VERPLIGTEND | | 24 min. |
| | | | |
| **2** | **B:** Drie direkte vrae. | | 36 min. |
| **3** | Beantwoord AL DRIE die vrae. | | 36 min. |
| **4** | | | 36 min. |
| | | | |
| **5** | **C:** OPSTELVRAE | | 24 min. |
| **6** | Beantwoord enige TWEE van die vier vrae. | | 24 min. |
| **7**<br>**8** | | | 24 min.<br>24 min. |
| | **TOTAAL** | | **180 min.** |

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1 (24 minute)

1.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer (1.1.1 - 1.1.5) neer, byvoorbeeld 1.6 B.

1.1.1 Indien die meeste take in 'n fabriek geoutomatiseerd is, word daar na die onderneming as 'n ...-intensiewe onderneming verwys.

A arbeid
B kapitaal
C materiaal
D landboukundig

1.1.2 Die beskikbaarheid van water, elektrisiteit, vervoer, arbeid, ensovoorts, staan as ... bekend.

A infrastruktuur
B kapitaaluitleg
C investering
D bates

1.1.3 SWOT-analise is geskik vir die evaluering van 'n potensiële ...

A kliënt.
B besigheidsonderneming.
C eienaar.
D vestigingsplek.

1.1.4 'n Ooreenkoms tussen twee partye waar die een party 'n belofte maak om 'n sekere bedrag geld aan die ander party te betaal in ruil vir 'n maandelikse premie, staan as 'n ...-kontrak bekend.

A werk
B aankoop
C huur
D versekering

1.1.5 Kennis wat aan die bestuur in 'n betekenisvolle en bruikbare vorm, soos in die vorm van grafieke, aangebied word, staan bekend as ....

A inligting.
B data.
C 'n onderhoud.
D 'n opname. (5 x 3) (15)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1 - 1.2.5) neer. Indien die antwoord ONWAAR is, korrigeer die onderstreepte woord.

1.2.1 Die eerste stap in probleemoplossing is om die probleem te definieer.

1.2.2 Netheid van die werk, aanbieding en behoorlike kleredrag help om 'n professionele beeld te skep.

1.2.3 Een manier om koste te minimaliseer en uitsette te vermeerder, is om die winsgewendheid van die werkers te verhoog.

1.2.4 Eerlikheid wanneer geadverteer word, is 'n sosiale verantwoordelikheid wat nie 'n koste-implikasie vir die besigheid is nie.

1.2.5 Werwing van personeel vir vakante poste is die verantwoordelikheid van die algemene bestuurder. (5 x 3) (15)

1.3 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A - H) langs die vraagnommer (1.3.1 - 1.3.5) in die antwoordeboek neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Handelsmerk | A | verkoper betaal alle koste tot by die koper se pakhuis |
| 1.3.2 | Ekonomiese ewewig | B | internasionale kwaliteit van standaarde |
| 1.3.3 | Verbandlenings | C | balans in voorraadvlakke |
| 1.3.4 | Produksie is aaneenlopend en gespesialiseerde masjiene word gebruik | D | Romany Creams®™ |
| 1.3.5 | Bind die verkoper om die goedere teen die vasgestelde prys te lewer | E | massaproduksie |
| | | F | kwotasie |
| | | G | geleende kapitaal |
| | | H | tender (5 x 2) |

(10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B (VERPLIGTEND)**

Hierdie afdeling bestaan uit drie vrae wat AL die leeruitkomste dek.

**VRAAG 2** **(36 minute)**



**SUKSESVERHAAL**

**M**artha **M**othiba is die eienaar van 'n klein sampioenonderneming in Bloemfontein. Sy het haar besigheid op klein skaal begin deur sampioene in haar agterplaas te kweek en dit dan aan mense in haar onmiddellike omgewing te verkoop. Die vraag na sampioene het geleidelik verhoog en gevolglik moet sy nou uitkyk vir 'n nuwe perseel sodat haar besigheid kan uitbrei.

2.1 Martha besluit om van perseel te verander. Noem VYF faktore wat sy moet oorweeg wanneer 'n besigheid gevestig word en toon hoe AL hierdie faktore in die keuse van 'n nuwe perseel vir Martha se Sampioene belangrik is. (5 x 2) (10)

2.2 Die makro-omgewing sluit in alle kragte en gebeurtenisse, byvoorbeeld politieke veranderinge en omstandighede wat 'n besigheid en sy markomgewing kan beïnvloed.

As 'n besigheid, moet Martha se Sampioene hierdie kragte in ag neem. Behalwe politieke veranderinge, noem VYF ander makrokragte en gee 'n voorbeeld van elk. (5 x 3) (15)

2.3 Die uitbreiding van 'n besigheid kan nuwe probleme bring, nuwe strategieë om te volg en besluite om te maak.

Beskryf kortliks hoe jy te werk sal gaan om 'n probleem op te los. (10)

2.4 Definieer die volgende terme:

2.4.1 Mikro-omgewing (3)

2.4.2 Waardes (2)

2.5 As 'n klein besigheidsonderneming is net Martha vir al die besigheidsfunksies in haar besigheid verantwoordelik. Noem enige SES besigheidsfunksies. (12)

Kopiereg voorbehou 

2.6 Tans bedryf Martha haar besigheid as 'n eenmansaak. Indien sy uitbrei, sal sy ander ondernemingsvorme moet oorweeg. Identifiseer VIER ander ondernemingsvorme wat sy kan oorweeg. (8)

**[60]**

**VRAAG 3** **(36 minute)**

John oorweeg dit om met 'n motorwasbesigheid te begin. Hy het R2 000 beskikbaar om met sy besigheid te begin. Hy is van voorneme om sy jonger broer, sy niggie wat 'n student in Rekeningkunde is en sy vriend te vra om hom te help. Hy beplan om hulle 'n klein salaris te betaal. Aangrensend aan sy vader se besigheid is daar 'n leë erf wat aan sy vader behoort. Sy vader is bereid om hierdie erf aan John teen 'n minimale bedrag te verhuur.

3.1 Die onderstaande tabel gee 'n aanduiding van die moontlike uitgawes wat John gaan ondervind. Bepaal of hy genoegsame kapitaal beskikbaar gaan hê.

| | R |
|---|---|
| Kapitaal beskikbaar | 2 000 |
| **Min: Uitgawes** | |
| Water<br>Klere, sponse, ensovoorts | 90<br>120 |
| Skoonmaakmiddels en politoer | 280 |
| 4 emmers @ R12,50 elk | ? |
| Advertensies | 100 |
| Huur @ R50 per week | 200 |
| Vergoeding (beloning vir dienste gelewer) (Broer R50, vriend R100 en niggie R150) | ? |
| Kapitaal beskikbaar/benodig | ? |

(6)

3.2 Noem en bespreek die produksiefaktore en hoe John dit in sy besigheid gaan gebruik. (4 x 3) (12)

3.3 'n SWOT-analise is 'n tegniek wat gebruik word om 'n situasie vanuit verskillende perspektiewe te evalueer ten einde strategiese besluite te neem. Verduidelik wat die akroniem SWOT beteken deur John se besigheid as voorbeeld te gebruik. (4 x 3) (12)

3.4 Aangesien John 'n diens aan die publiek gaan lewer, is dit belangrik dat hy aandag aan openbare betrekkinge skenk.

Motiveer hierdie stelling deur VYF redes te verskaf waarom goeie betrekkinge met die publiek van groot waarde is. (5 x 2) (10)

3.5 John se niggie gaan die finansiële aspekte en administrasie van die besigheid hanteer. Verduidelik kortliks die volgende terminologie rakende finansiering en administrasie:

3.5.1 Kosterekeningkunde

3.5.2 Begrotings

3.5.3 Statistieke

3.5.4 Bankoortrekkings


3.5.5 Tjeks (5 x 2) (10)

3.6 Waarom is dit nodig om rekord van alle besigheidstransaksies te hou? Motiveer jou antwoord deur verskillende rekeningkundige rekords wat gebruik kan word, te identifiseer en te beskryf. (5 x 2) (10)

**[60]**

**VRAAG 4** **(36 minute)**

Sara, 'n versekeringsmakelaar en haar vriendin, Tumi, wat 'n klein klerefabreik besit, is deel van verskillende sektore van die land se industrie. Hierdie sektore staan as die produksieketting of produksiestadiums bekend.



**SARA**



**TUMI**

4.1 Identifiseer en gee voorbeelde van die DRIE sektore wat deel van die produksieketting vorm. (3 x 6) (18)

4.2 Die eienaars van die besigheid staan gewoonlik as entrepreneurs bekend. Hulle is die dryfkrag agter die suksesvolste besigheidsondernemings in Suid-Afrika.

Identifiseer enige VYF selfbestuursvaardighede van 'n entrepreneur. (5 x 2) (10)

4.3 Ekonomiese ekwiteit kan slegs bereik word indien die aankoopafdeling van Tumi se fabriek doeltreffende beheer oor die beskikbare voorraadgrondstowwe, werk-in-proses en voltooide produkte kan uitoefen.

Beskryf die VIER doelwitte van voorraadbeheer. (4 x 2) (8)

4.4 Onderskei tussen *behoeftes* en *begeertes* en gee DRIE voorbeelde van elk. (10)

4.5 Soms het 'n entrepreneur soos Tumi advies en inligting rakende besigheidsbesluite nodig.

Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg. Sommige van die antwoorde sal in die gevallestudie self gevind word.

## Bestuurskonsultante onder die vergrootglas

In 'n land wat groot uitdagings ten opsigte van globalisering in die gesig staar, is dit bykans onmoontlik vir enige industrie om die tempo van transformasie te ontsnap.

Bestuurskonsultante is geen uitsondering nie. Die konsultantindustrie het ontstaan uit die behoefte aan ondersteuning en hulp met betrekking tot kennis, veral toe besighede onsekere tye beleef het. Hierdie industrie moes egter die afgelope vyf jaar sy sokkies optrek. Internasionale kompetisie en toenemende internasionalisering van Suid-Afrikaanse besigheidsondernemings het baie van die konsultasiedienste vereis.

Toe kompeterende multi-nasionale maatskappye Suid-Afrikaanse markte oorskadu het, moes korporatiewe adviseurs plaaslike besighede van tegniese en tegnologiese vaardighede voorsien.

Mnr. Martin Westcott, besturende direkteur van PE Korporatiewe dienste, sê dat alhoewel groot Suid-Afrikaanse konsultasiemaatskappye betekenisvolle internasionale verbintenisse in die verlede gehad het, moes hulle steeds leer om hierdie verbintenisse produktief te gebruik. Sake soos wêreldstandaarde en die nuutste moderne tegnologie, was nie juis belangrik in ons vorige geslote ekonomie nie.

Pierre Tredoux, UD van Deloitte Konsultasiedienste, beweer dat maatskappye wat vir die eerste keer na Suid-Afrika kom, dieselfde kwaliteit dienste verwag as wat hulle in hulle eie lande ontvang, verwag. Suid-Afrikaanse maatskappye wat hul vlerke oorsee gespan het, verwag dieselfde.

[Aangepas uit *Sunday Times - Business Times SURVEY*]

4.5.1 Noem EEN sakeberoep wat in hierdie gevallestudie genoem word en noem TWEE maatskappye wat sulke persone in diens neem. (6)

4.5.2 Verduidelik die term *globalisering*. (2)

4.5.3 Hoe beïnvloed globalisering bestuurskonsultante? (4)

4.5.4 Wat moet Suid-Afrikaanse konsultante doen ten einde op internasionale vlak te kompeteer? (2)

**[60]**

**TOTAAL AFDELING B: 180**

## AFDELING C

Lees die volgende gevallestudie en beantwoord enige TWEE van die volgende vier vrae.

### BESIGHEIDSGELEENTHEDE VIR SUID-AFRIKANERS




Suid-Afrika bied die Wêreldbeker-sokkertoernooi in 2010 aan.
Dit is sonder twyfel 'n baie belangrike gebeurtenis wat die Suid-Afrikaanse ekonomie sal versterk. Verder is dit 'n gulde geleentheid vir Suid-Afrikaners om hope geld te maak.

Steven, 'n handelstudent, beplan om hierdie geleentheid tot sy voordeel te gebruik aangesien werk nie gewaarborg is wanneer hy sy studies voltooi het nie. Sommige lede van sy familie is ook werkloos en gaan onder armoede gebuk. Hy beplan om sommige van hierdie familielede in diens te neem om T-hemde en pette te vervaardig wat deur Suid-Afrikaanse bewonderaars gedurende die toernooi gedra kan word. Hy sal as bestuurder van sy klein besigheidsonderneming optree. Hy het besluit dat dit tot sy voordeel kan wees om sy besigheid so gou as moontlik te begin indien hy genoegsame fondse kan beding.

**VRAAG 5** **(24 minute)**

Verduidelik kortliks die invloed van die sosio-ekonomiese sake genoem in die gevallestudie op besighede en die ekonomie van Suid-Afrika, asook enige VIER ander sosio-ekonomiese sake.

Voordat enige besigheidsonderneming aangedurf word, moet Steven 'n uitvoerbaarheidstudie uitvoer. Verduidelik die verskillende navorsingsinstrumente wat beskikbaar is en motiveer die belangrikheid van 'n besigheidsplan as deel van sy navorsing. **[40]**

**VRAAG 6** **(24 minute)**

Steven oorweeg die moontlikheid om sy besigheid voor die Wêreldbeker-sokkertoernooi te vestig, ten einde te verseker dat moontlike terugslae onder beheer is voor die groot gebeurtenis. Hy het daarin geslaag om 'n klein winkeltjie in die sentrale besigheidsafdeling van sy tuisdorp te huur en is nou deel van die formele sektor in die nasionale ekonomie.

Onderskei tussen die *private sektor* en die *informele sektor*. Evalueer die verskillende vorme van eienaarskap waaruit Steven kan kies ten einde sy besigheid te bedryf en maak 'n gemotiveerde aanbeveling aan Steven. **[40]**

**VRAAG 7** **(24 minute)**

Die hoofdoel van enige besigheidsonderneming is om 'n wins te maak. Dit kan egter nie bereik word sonder spanwerk nie en die span moet deur die leier gemotiveer word.

Motiveer hierdie stelling deur die belangrikheid van spanwerk en die rol van die bestuurder (Steven) te bespreek en verduidelik die verskillende vlakke van bestuur in 'n besigheid. **[40]**

**VRAAG 8** **(24 minute)**

Aangesien Steven 'n student is en nie in staat is om sy besigheid self te finansier nie, sal hy genoegsame fondse iewers moet bekom.

Adviseer hom oor die verskillende bronne waar hy kapitaal kan bekom.

Hy moet ook oor die belangrikheid van die voorbereiding van 'n kontrak met ander partye wat betrokke is in die besigheid, ingelig word.

Berei 'n kort handleiding voor wat verduidelik wat 'n kontrak is, die vereistes van 'n wettige kontrak beskryf en gee 'n lys van kontrakte wat 'n entrepreneur soos hy behoort aan te gaan. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**

**GROOTTOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou